

Necesse lede – bewys van voltydse studies

Navrae: 086 0100 678
 Faks: 012 336 9537 E-pos: subscriptions@medihelp.co.za
 Posadres: Posbus 26004, ARCADIA, 0007
www.medihelp.co.za

Lede van die Necesse-voordele-opsie wat voltyds aan 'n **tersiêre instelling** studeer, kan met bewys van inskrywing as **voltydse student** kwalifiseer om hul ledegeld volgens 'n laer inkomstekategorie te betaal.

Bestaande Necesse-lede wat reeds as voltydse studente by Medihelp geregistreer is

Indien jy reeds op grond van jou status as voltydse student ledegeld volgens 'n laer inkomstekategorie betaal, moet jy nie later nie as **31 Maart** jaarliks bewys van jou voortgesette voltydse studies by Medihelp indien. Indien jy dit nie doen nie, sal jou ledegeld met ingang van 1 Mei aangepas word volgens die **volgende hoër inkomstekategorie** as die ledegeldkategorie waarop jy ingeskryf is.

Indien jy eers na 31 Maart bewys by Medihelp indien, sal jou ledegeld na 'n laer inkomstekategorie aangepas word met ingang van die maand wat volg op die maand waarin Medihelp die bewys ontvang. Geen terugwerkende regstelling kan oorweeg word nie.

Nuwe lede en bestaande lede wat nog nie voorheen versoek het om die ledegeld vir voltydse studente te betaal nie

Totdat aanvaarbare bewys van inskrywing as voltydse student aan Medihelp verskaf word, word jou ledegeld bereken volgens jou bruto maandelikse inkomste. Indien dié inligting onbekend is, sal jou ledegeld volgens die hoogste inkomstekategorie bereken word.

Medihelp sal jou ledegeld na 'n laer inkomstekategorie aanpas met ingang van die maand wat volg op die maand waarin Medihelp die bewys van voltydse studie ontvang. Geen terugwerkende regstelling kan oorweeg word nie.

Medihelp aanvaar enige van die volgende dokumentasie as 'n geldige bewys van registrasie as 'n voltydse student

Studente jonger as 26 jaar (geen geregistreeerde afhanklikes)

- 'n Kennisgewing op 'n amptelike briefhoof van die instansie waar die lid vir die huidige jaar as voltydse student geregistreer is.
- Nuwe studente wat die eerste keer registreer: 'n Amptelike brief van aanvaarding vir die spesifieke studiejaar.

Medihelp kan jou aansoek om ledegeld volgens 'n laer inkomstekategorie te betaal slegs oorweeg sodra ons die nodige dokumentêre bewys van voltydse studies ontvang.

Studente 26 jaar en ouer OF wat geregistreeerde afhanklikes het

- Bewys van studies soos hierbo aangedui.
- Bewys van inkomste soos bevestig op die afgelope drie maande se bankstate.

Medihelp kan jou aansoek om ledegeld volgens 'n laer inkomstekategorie te betaal, slegs oorweeg sodra ons die nodige dokumentêre bewyse saam met 'n volledig voltooide en getekende "**Verklaring oor bewys van inkomste**"-vorm (ook hierby ingesluit) ontvang. **Dui asseblief by afdeling 2 op die vorm aan dat jy 'n voltydse student is.**

- E-pos die dokumente na subscriptions@medihelp.co.za of faks dit na 012 336 9537. Jy kan ook van Medihelp se Member Zone gebruik maak om jou inkomste en/of status as voltydse student te verklaar en stawende dokumente in te dien.



Verklaring oor bewys van inkomste

Navrae: 086 0100 678
Faks: 012 336 9537 E-pos: subscriptions@medihelp.co.za
Posadres: Posbus 26004, ARCADIA, 0007
www.medihelp.co.za

Instruksies:

1. Voltooi asseblief afdeling 1 en 2 in swart ink en teken die vorm.
2. Raadpleeg asseblief die vorm "Uiteensetting van Inkomste" vir besonderhede van aanvaarbare bewyse van inkomste.
3. Heg die nodige bewyse aan en stuur die dokumente saam met hierdie vorm aan Medihelp.
4. Voltydse studente hoef slegs hierdie vorm te voltooi indien hulle 26 jaar of ouer is OF geregistreerde afhanklikes het. **Dui asseblief by afdeling 2 op die vorm aan dat jy 'n voltydse student is.**

1. Lidmaatskapbesonderhede

Lidnommer ID-/paspoortnommer

Titel Mnr Mev Me Ander (spesifiseer) Voorletters _____ Van _____

Telefoon _____ E-pos _____

2. Verklaring van inkomste

"Maandelikse inkomste" beteken die bruto maandelikse inkomste, voor enige aftrekkings.

Beroep van lid _____

Beroep van gade/metgesel _____

Bron van inkomste	Gemiddelde maandelikse inkomste	
	Lid	Gade/gesel
Inkomste uit voltydse betrekking (salaris ens.)		
Pensioen(e) /Annuïteit(e)		
Inkomste uit beroep/professie/onderneming		
Werkloos (bv. WVF-betalings)		
Beleggingsinkomste (huur, rente en dividende)		
Inkomste uit trusts		
Ander:		
TOTAAL		

Onthou asseblief:

- Jou aansoek om ledegeld volgens 'n laer inkomstekategorie te betaal, kan slegs oorweeg word na ontvangs van 'n **volledig voltooide en getekende verklaringsvorm** en toepaslike bewyse.
- Die Reëls van Medihelp bepaal dat 'n bedrieglike daad soos die verskaffing van vals inligting oor jou werklike inkomste tot beëindiging van jou lidmaatskap kan lei.

Ek bevestig dat ek al my inkomste verklaar het en dat dit waar en korrek is.

Handtekening van lid

Datum 2 0 j j m m d